Jan Swanepoel
Departement Latyn

# VIER GEDIGTE

(Hierdie gedigte is geneem uit Jan Swanepoel se tweede bundel, Wat ver is en naby, wat onlangs by Perskor verskyn het. Die bundel kos R7,95 eksklusief.)

## Uitstalling, etse van Goya in "Die straat van disillusie"

die etsnaald is 'n psigoloog en glimlag
nié, maar plooi die bek mooi
in 'n glimlag; dié skerp-skerp
deernis ken die etsnaald
wél, en deur die koper dring dit:
staal teen skrot, aha!
daar staan die skepsel nou, 'n afdruk
in fyn akwatint: die mens

in sy afgrynslikheid, in staat
van disillusie.

## Kamikaze

vanaf die vlerk kaats steeds die son
die heerlikheid van lig en ek en blou
is een, dan deur die fyn kapok
van wolke dring ek - die kind uit tokio
as 'n laat lucifer maar o die see
is blou vandag sy blouste blou!
mens moet vergeet: die dae
in jou vaderland vir wie jy nou
vir laas 'n wye swaai
swenk deur die lug - en hoor ek
grofgeskut? die klank is heerlik
ín my as ek duik
as vlampyl na die skip, dié oomblik
is die heerlikste, hier kom ek: kamikaze!

## Dimensie

dis die misterie van geskiedenis
dat wat gebeur het steeds verander

dink maar aan Wolraad Woltemade:
die stoere boer, die held en heilige
wat onverskrokke sewe maal
die see trotseer, één laaste keer! en sterf
tot die onsterflikheid (of aan Jan Koopman:
kits volksplanter - Bybel in die hand
sieketrooster van die land - en nou
die groot doyen: die Kitsch van Riebeeck)
om terug te keer tot Wolraap
dis nie vervalsing van geskiedenis
net waarheid in 'n meer tersaaklike
dimensie: al wás dit als 'n dop te veel
was daardie bruinman patriot
en dra vandag getrou as afrikaner
sy deeltjie by tot die histerie
van historie.

Die ganse dag is ene God

soos destyds is U ook vandag
nie in die donker onweer nie, nie
in die weerlig wat die hemel
helblink skeur as teken
van u krag; al luister
ek hoe fyn vandag: selfs in die ligte
ruising van die wind is U
ten ene male nie, maar oral
in my oë en ore: die ganse dag
is ene God: 'n swaeltjie
swenk en vou die hemel
blou-blou om sy rug 'n geelvink
sketter vol van son, vandag
weerklink U in my kind
se skaterende skaterlag.